

# Druppels

Waterval- Gemeente

Mei 2022



*Ware geluk is om te....*

*Luk 1:39-45 “ Gelukkig is sy wat glo....”*

*Dikwels lees ons in tydskrifte allerlei advertensies wat dan sou wys op die ontdekking van die ware geluk. Ons kan lag oor die belaglikheid van baie van hierdie sogenaamde bronne van ware geluk, maar diep in ons harte is ons almal soekers na geluk- ware, diepe, innerlike gelukkigheid en tevredenheid.*

*Sommige probeer dit kry deur hul dood te werk. Ander soek dit in sport en ontspanning. Nog ander meen dat dit in die seksuele uitspattighede van die tyd, of drank of ander dwelmmiddels te vind is. Waar vind die mens ware geluk? Die Bybel sê eenvoudig: ‘Gelukkig is die mens wat in God glo’. So het die ware geluk vir `n Maria en voor haar sowel as na haar, vir baie mense aangebreek, die oomblik toe hulle hul vertroue so op God gestel het. Hulle het in God geglo.*

*Wie glo, leef nog as mens hier op aarde, werk nog as mens hier op aarde, ken nog as mens teleurstelling en smart hier op aarde- maar die groot verskil is nou dat al hierdie dinge nie bepalend is vir hul dieper geluk en vrede wat hul put uit hul verhouding met God nie. Deur Jesus glo hulle in God wat hulle as Vader ken en vertrou en wat as Vader vir hulle alles ten goede laat meewerk.*

*Is U regtig as mens gelukkig? Gelukkig in U werk, gelukkig in U verhoudingslewe met U familie of vriende?*

*God alleen kan ware geluk bring! Daarom word Sy Seun Jesus, Gelukkigmaker genoem. Hy maak salig van sonde. As sonde weg is, is die ware geluk daar. Glo U dit?*

# Afkondigings



Baie dankie aan die Besige Bye vir die bak van die Kruis koekies om Paasfees nog meer spesiaal te maak.



# Geelbladsye



## VUURSPEL HOUT

Hout te koop

Sekelbos - Klein sak @R20  
Black Wattle - Groot sak @R80  
Klein sak @R20  
Kontak Thys du Preez - 073 166 7465

### B&H Draughting Services.

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D  
Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:

Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.

Kontak: Bennie Badenhorst

084 3601253

E-pos. bhdraughting@gmail.com

# MANNE ONTBYT

Saterdag - 11 JUNIE 2022

9:30 vir 10:00

SPREKER: Jan Grobbelaar

Tema: Olieverkopers in die samelewing

R50pp

Almal welkom...Jonk en oud!!!!



Tuisgemaakte konfyt

@R40

Willie 082 680 1473



Eiers beskikbaar  
Hilda 074 408 0392

# Archie se Legacy

Ons het met Archie se tyd voor sy dood geleer dat nie almal is gereed om hierdie lewe agter te laat nie. Ons bedoel nie noodwendig dat iemand se saak met die Here nie altyd reg is nie. Dit gaan hier oor n mens se aardse goed. Jou testament en jou boedelbeplanning. Is joune in orde?

Ons wil in Waterval Gemeente juis hierdie diens aanbied:

Die opstel van jou testament, jou dokumente, jou reëlins rondom jou begrafnis/verassing, jou opstel van 'n leër met al die belangrike dokumente en dies meer.

Kontak ons Kerkkantoor vir meer.

Ons help jou graag.

Ds Willie



## 1 KORINTHIËRS 13 VIR MA'S

Al sou ek die mooiste huis hê en die smaaklikste etes vir my huis mense voorberei, maar ek doen dit nie met liefde nie, dan is ek so waardeloos soos 'n leë kastrol of 'n stukkende eierklitser.

Al is ek die besigste ma in die beheerraad en ek koop vir my kinders die duurste sporttoerusting, maar ek het nie die tyd om hulle langs die sport veld aan te spoor nie, dan sal dit my niks baat nie.

Al koop ek 'n kamer vol opvoedkundige speelgoed en betaal ek sakke vol geld vir ekstra klasse, maar ek self sit nie by my kinders en speel of worstel met die skoolwerk nie, sal ek nog nie 'n ware moeder wees nie.

'n Liefdevolle ma is geduldig – sy tel maar die kiere en speelgoed op. 'n Liefdevolle ma is lankmoedig en vriendelike – sy laai haar motortjie vol kletsende, swetende skoolkinders.


Sy vergelyk nie haar kinders met ander nie en sy is nie verwaand oor hulle prestasies nie. Sy bedek alle skrape met liefde en pleister en glo in haar kinders, hoop net die beste en verdra al die klaery en kritiek.

'n Opregte drukkie en 'n intieme gesprek bly lank in 'n kinderhart, maar gestrykte wasgoed word weer vuil en 'n netjies huis word weer deurmekaar en vol stof....

Eendag as die volmaakte gekom het, sal jou huis en sy binnekant tot niet gaan, maar die lewende siele van jou kinders sal ondersoek word.

Toe ek nog 'n jong meisie was, was ek gesteld op my mooi voorkoms en aardse besittings, maar nou wat ek 'n ma geword het, het my kinders se versorging vir my belangrik geword. Nou kyk ons nog vas teen opstandige tienergesigte, maar eendag, as hulle groot geword het, sal ons die vrugte maai van die liefde wat ons kleintyd gesaai het.

En nou bly AANDAG, GEDULD en LIEFDE, hierdie DRIE, maar die waardevolste hiervan is 'n liefdevolle MA.



## Kinders



### Goeie môre

'n Potloodmaker het eendag vir al sy potlode 5 reëls geleer :-

1. Enige foute wat jy maak in jou lewe kan reg gemaak word.
2. Alles wat jy doen sal altyd 'n merk los.
3. Wat belangrik is, is wat binne jou is.
4. In jou lewe gaan jy deur pynlike skerpmakings gaan om jou 'n beter potlood te maak.
5. Om die beste potlood te wees moet jy die hand wat jou vashou toelaat om jou te beheer. Lewe volgens God se hand en geniet elke oomblik daarvan!

Gemeente Kontakbesonderhede  
Posbus 442, Bergbron, 1712  
Hv Longweg en 11de str, Newlands  
Kerkkantoor 011 4778534  
[waterval@absamail.co.za](mailto:waterval@absamail.co.za)



Diens:           Sondag   08.30  
Gebedsgroep: Woensdag 10.00

**BANKBESONDERHEDE**

ABSA ,  
Waterval Gemeente NPC  
Rek nr: 4099924637

<u>Musiekbediening</u>	Pieter Kruger	083 443 7694
<u>Jeugbediening</u>	Renaldo de Buys	072 920 5896
<u>Besige Bye</u>	Ralie van Heerden	083 788 2317
<u>Diens van Barmhartigheid</u>		
	Thys du Preez	073 166 7465
<u>Druppels</u> Maandblad	Ds Willie	082 680 1473

**GEBEDSBEDIENING**

Ons het `n gebedsgroep op Woensdae om 10:00 te  
Gordonweg 104, Bergbron.  
Almal welkom

**WHATSAPP GEBEDSGROEP**

Daar is `n Waterval-gebedsgroep op whatsapp.  
Indien jy belangstel om deel van hierdie groep te word,  
kontak die kerkkantoor.

<https://pos.snapscan.io/qr/ljZBYsik>

Indien jy hulp nodig het, Kontak  
Hannelie du Preez by die kerkkantoor




Al die dienste is beskikbaar op You Tube:  
Waterval Gemeente



Snap here to pay



Kom kuier saam op  facebook.  
by Waterval Gemeente  
en sien gemeente nuus  
soos dit gebeur



SONDAG	MAAN	DINS	WOENS	DOND	VRYPAG	SATERD
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10 Eric Smit	11	12	13	14
15	16	17	18	19 Byron Jonker	20	21
22 Rika de Klerk Piet du Preez	23 Pierre Swart	24	25	26 Sandra Bopp	27	28
29 Kingsley	30	31 Kinny Bezuidenhout				

Manne ontbyt  
11 Junie 2022